Bepaal dat genoemde vakleerling uit eie vrye wil en met die toestemming van genoemde voog hom hierby as vakleerling verbind aan genoemde meester vir 'n tydperk van drie jaar vanaf (8).....om die bedryf en besigheid van apteker en drogis te leer; en genoemde voog en genoemde vakleerling kom hierby met genoemde meester ooreen dat gedurende die genoemde tydperk, genoemde vakleerling, die genoemde meester en diegene wat gesag oor hom sal hê, eerlik, getrou en ywerig moet dien en gehoorsaam, en dat hy nie die geheime van genoemde meester of die name en sake van sy klante openbaar mag maak nie, of afskrifte van enige stukke of boeke wat aan die meester behoort, sonder sy toestemming mag maak nie, en dat hy geen vermorsing, skade of letsel van of aan die eiendom van genoemde meester mag veroorsaak of toelaat nie, en dat hy nie sonder toestemming van genoemde meester se diens mag wegbly nie; en dat hy gedurende die tydperk van sy vakleerlingskap(9) tot bevrediging van sy werkgewer minstens dertig offisiële farmakopoeiëse preparate, soos van tyd tot tyd deur die Kommissie vasgestel, met vermelding van besonderhede, moet voorberei, met 'n verklaring van die meester dat hulle op 'n bevredigende manier voorberei is, in 'n boek wat vir die doel gehou word, en wat gedurende die hele leerlingskap bewaar moet word om uiteindelik by die Registrateur ingehandig te word, wanneer by die Kommissie aansoek gedoen word vir toelating tot die Kommissie se kwalifiserende eksamen; en dat hy alle sodanige klasse van onderrig moet bywoon in die onderwerpe vervat in die Kommissie se eksamenleerplan, wat deur die kommissie goedgekeur en redelik toeganklik is.

Uit oorweging waarvan genoemde meester met genoemde voog en met genoemde vakleerling ooreenkom dat hy, genoemde meester, gedurende die genoemde tydperk die genoemde vakleerling as sodanig by hom in diens moet neem,

his knowledge and ability teach and instruct him in the art, trade and business of a chemist and druggist, and all things incident thereto; and shall provide adequate facilities, material and equipment necessary for the proper training of the apprentice in practical pharmacy and dispensing, and shall certify in the apprentice's book that the apprentice has satisfactorily prepared at least 30 official pharmacopoeial preparations as laid down by the Board during the period of apprenticeship; and shall grant facilities to the apprentice to attend such classes of instruction as are approved by the Board and are reasonably accessible and necessary to acquire the art, science and knowledge of a chemist and druggist and shall also pay to the said apprentice salary at the rates and in manner following: that is to say during the first year of the said term the sum of (10).....per month; during the second year of the said term the sum of (10)..... .....per month; during the third year of the said term the sum of (10).....per month, such sums to be paid monthly on the last day of each month; and the said master shall give the apprentice (11)..... consecutive days as holiday in respect of each year of the said term; and further the said master shall during and on completion of the said term provide the said apprentice with such certificates as may be required to enable him to enter for the examinations for chemists and druggists of the South African Pharmacy Board.

Provided, and it is mutually agreed and understood that if the master shall at any time during the said term decide to discontinue his said practice in the Union, he shall not be liable for compensation either in money or other consideration whatsoever to the apprentice, or his heirs, executors or administrators, but he shall, if desired so to do by the apprentice, assign this contract of apprenticeship to some other fit and proper person or persons practising the same profession in the Union, and moreover shall, so far as lies in his power, endeavour to find some such other chemist and druggist, who shall be willing to accept the services of the apprentice for the remainder of the said term, and who shall be approved by the Board.

It is further expressly agreed between the parties that this apprenticeship shall be served under the direct supervision of a chemist and druggist in a pharmacy or open shop established for the dispensing and supplying of drugs and medicines direct to the general public.

In witness whereof the contracting parties have hereunder set their hands at.....on the.....day of.....19.....

As witnesses:

(1) .....

(2) .....

.....
Master.

.....
Guardian.

.....
Apprentice.

(1) Full name of apprentice.
(2) Strike out the words which do not apply: (*a*) or (*b*).
(3) Name of master.
(4) Date.
(5) Place of business.
(6) Address.
(7) Name of parent or guardian and address.
(8) Date of commencement of apprenticeship.
(9) Preparations may from time to time be specified by the Board.
(10) Rate of salary.
(11) Number in words.

To be filled in on completion by the apprentice of the term of his apprenticeship under this agreement.

(This contract to be forwarded to the Board when the Apprentice enters for the qualifying examination.)

This is to certify that the within named..... .....has completed his full term of apprenticeship under this agreement, this.....day of .....19.....

.....
Master.

NOTE.—This contract duly stamped must be lodged in triplicate with the Registrar of the South African Pharmacy Board not later than three months from the date of signature, together with the apprentice's educational certificate and the registration fee of two guineas.

en hom volgens die beste van sy kennis en vermoë in die bedryf en besigheid van apteker en drogis, en alle verwante aangeleenthede moet leer en onderrig, en dat hy voldoende fasiliteite, materiaal en uitrusting, soos nodig vir 'n behoorlike opleiding van die vakleerling in praktiese aptekery en opmaak van medisyne moet verskaf, en in die vakleerling se boek moet sertifiseer dat die vakleerling op bevredigende wyse minstens 30 offisiële farmakopoeiëse preparate soos deur die Kommissie vasgestel, gedurende die leerlingtydperk voorberei het; en dat hy die vakleerling in staat moet stel om sodanige klasse van onderrig by te woon as wat deur die Kommissie goedgekeur is, en redelik toeganklik en noodsaaklik is om die vak, wetenskap en kennis van 'n apteker en drogis aan te leer, en dat hy tewens aan genoemde vakleerling 'n salaris op 'n skaal en wyse as volg uiteengesit, moet betaal: d.w.s. gedurende die eerste jaar van die genoemde tydperk 'n bedrag van (10).....per maand; gedurende die tweede jaar van genoemde tydperk 'n bedrag van (10).....per maand; gedurende die derde jaar van genoemde tydperk 'n bedrag van (10).....per maand; hierdie bedrae moet maandeliks op die laaste dag van elke maand betaal word, en genoemde meester moet genoemde vakleerling (11).....agtereenvolgende vakansiedae in elke jaar van die genoemde tydperk toestaan; en verder moet genoemde meester gedurende en by voleindiging van die genoemde tydperk, genoemde vakleerling van sodanige sertifikate voorsien as wat nodig mag wees om hom in staat te stel om vir die eksamens vir aptekers en drogiste van die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie in te skrywe.

Met dien verstande, en dit word onderling ooreengekom en verstaan, dat indien die meester te eniger tyd gedurende genoemde tydperk besluit om sy praktyk in die Unie op te gee, hy hoegenaamd nie aanspreeklik is vir geldelike of ander vergoeding teenoor die vakleerling, sy erfgename, eksekuteurs of administrateurs nie, dog hy kan, indien die vakleerling dit verlang, hierdie leerlingkontrak oormaak aan 'n ander bevoegde of geskikte persoon of persone wat dieselfde beroep in die Unie beoefen, ook moet hy, vir sover dit in sy vermoë is, trag om sodanige ander apteker en drogis te vind wat gewillig mag wees om die dienste van die vakleerling vir die res van genoemde tydperk aan te neem, en wat deur die Kommissie goedgekeur word.

Verder word uitdruklik tussen die partye ooreengekom dat hierdie leerlingskap moet geskied onder die regstreekse toesig van 'n apteker in 'n apteek of ope winkel opgerig vir die doel om medisyne en geneesmiddels aan te maak, en regstreeks aan die publiek te lewer.

Ingevolge hiervan het die kontrakterende partye hul naamtekening hieronder geplaas te.....op hede die.....dag van.....19.....

As getuie:

(1) .....

(2) .....

.....
Meester.

.....
Voog.

.....
Vakleerling.

(1) Volle naam van vakleerling.
(2) Skrap die woorde wat nie van toepassing is nie: (*a*) of (*b*).
(3) Naam van meester.
(4) Datum.
(5) Plek van besigheid.
(6) Adres.
(7) Naam van ouer of voog en adres.
(8) Aanvangsdatum van leerlingskap.
(9) Die Kommissie kan van tyd tot tyd die preparate spesifiseer.
(10) Salarisskaal.
(11) Getal in woorde.

Om deur die vakleerling ingevul te word by voltooiing van sy leerlingskap kragtens hierdie ooreenkoms.

(Hierdie ooreenkoms moet aan die Kommissie gestuur word wanneer die vakleerling vir die kwalifiserende eksamen inskrywe.)

Hierby word verklaar dat die hieringenoemde..... .....sy volle tydperk van leerlingskap kragtens hierdie ooreenkoms voltooi het op hede die..... dag van.....19.....

.....
Meester.

NOTA.—Hierdie ooreenkoms, met die vereiste seëls daarop, moet nie later as drie maande na die datum van ondertekening nie, in triplo by die Registrateur van die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie ingehandig word, tesame met die vakleerling se onderwyssertifikaat en die registrasiegeld van twee ghienies.

FORM OF CESSION.

Cession of Contract of Apprenticeship between (1).....(Master) and (2).....(Apprentice).

I, (1).....the master aforementioned, hereby cede and assign all my rights and obligations under the above contract of apprenticeship to (3).....of..... as from.....

We, (2).....and (4).....the apprentice and his guardian, agree to this cession; and I, the said (5)..... agree to accept this cession and to fulfil all the obligations thereof to all intents and purposes as if my name appeared in the said contract of apprenticeship as the master.

Dated at.....this.....day of .....19.....

.....
Master.

As witnesses:

(1) .....
(2) .....

.....
Apprentice.

(1) .....
(2) .....

.....
Guardian.

(1) .....
(2) .....

.....
Cessionary.

(1) .....
(2) .....

This cession must be submitted to the Board within three months of taking effect.

(1) Name of master.
(2) Full name of apprentice.
(3) Full name of cessionary and place of business.
(4) Full name of guardian.
(5) Name of cessionary.

VORM VAN OORMAKING.

Oormaking van leerlingkontrak tussen (1)..... .....(meester) en (2)..... (vakleerling).

Ek, (1).....die meester voornoem, doen hierby afstand van en maak al my aansprake en verpligtings volgens bogenoemde leerlingkontrak oor aan (3).....van..... vanaf.....

Ons, (2).....en (4)....., die vakleerling en sy voog, stem met hierdie oormaking in; en ek, genoemde (5)..... is gewillig om hierdie oormaking te aanvaar en om al die verpligtings daaraan verbonde in alle opsigte en vir alle doeleindes na te kom asof my naam in genoemde leerlingkontrak as die meester voorgekom het.

Gedateer te....., op hede die..... dag van.....19.....

.....
Meester.

As getuie:

(1) .....
(2) .....

.....
Vakleerling.

(1) .....
(2) .....

.....
Voog.

(1) .....
(2) .....

.....
Sessionaris.

(1) .....
(2) .....

Hierdie sessie moet binne drie maande vanaf die datum waarop die van krag word by die Kommissie ingedien word.

(1) Naam van meester.
(2) Volle naam van vakleerling.
(3) Volle naam van sessionaris en plek van besigheid.
(4) Volle naam van voog.
(5) Naam van sessionaris.

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 2063.] [23 December 1938.

The accompanying draft Proclamation is published for general information in terms of sub-section (2) of section *twenty-five* of the Native Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927).

DRAFT PROCLAMATION.

AMENDMENT OF PROCLAMATION No. 104 OF 1933.

Whereas it is expedient to amplify the provisions of Proclamation No. 104 of 1933 relating to the prevention of trade monopolies in certain native areas.

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authorities vested in me by section *twenty-five* of the Native Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), I do hereby proclaim, declare and make known that, from and after the date of promulgation hereof, Proclamation No. 104 of 1933 shall be amplified by the addition thereto of the following new section:—

5. The Minister of Native Affairs may, by notice in the *Government Gazette*, exempt any area from the operation of the provisions of this proclamation.

✱ No. 2069.] [23 December 1938.

PROCLAMATION OF URBAN AREA OF CAMBRIDGE UNDER SECTION *TWELVE* OF ACT No. 21 OF 1923, AS AMENDED BY ACTS Nos. 25 OF 1930 AND 46 OF 1937.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to make, under the provisions of sub-section (1) of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Act, 1923 (No. 21 of 1923), as amended by Acts Nos. 25 of 1930 and 46 of 1937, the following regulations to be of force and effect from the first day of January, 1939, in the proclaimed area of Cambridge, Province of the Cape.

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 2063.] [23 December 1938.

Bygaande Ontwerp-Proklamasie word kragtens subartikel (2) van artikel *vyf-en-twintig* van die Naturelle-Administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), vir algemene informasie gepubliseer.

KONSEP-PROKLAMASIE.

WYSIGING VAN PROKLAMASIE No. 104 VAN 1933.

Nademaal dit wenslik is om die bepalings van Proklamasie No. 104 van 1933 in verband met die voorkoming van alleenhandel in sekere naturellestreke, uit te brei.

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf-en-twintig* van die Naturelle-administrasiewet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), hierby proklameer, verklaar en bekendmaak dat vanaf die datum van afkondiging hiervan, Proklamasie No. 104 van 1933 uitgebrei word deur die toevoeging daarby van die volgende nuwe artikel:—

5. Die Minister van Naturellesake kan by 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* enige streek van die werking van die bepalings van hierdie proklamasie vrystel.

✱ No. 2069.] [23 Desember 1938.

PROKLAMASIE VAN STADSGEBIED CAMBRIDGE INGEVOLGE ARTIKEL *TWAALF* VAN WET No. 21 VAN 1923, SOOS GEWYSIG BY WETTE Nos. 25 VAN 1930 EN 46 VAN 1937.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bepalings van subartikel (1) van artikel *drie-en-twintig* van die „Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923", (No. 21 van 1923), soos gewysig by Wette Nos. 25 van 1930 en 46 van 1937, onderstaande regulasies vanaf die eerste dag van Januarie 1939 in die geproklameerde gebied Cambridge, Kaapprovinsie, in werking te stel.

REGULATIONS FRAMED UNDER SECTION *TWENTY-THREE* (1) OF ACT No. 21 OF 1923 FOR THE PROCLAIMED AREA OF CAMBRIDGE, CAPE PROVINCE.

CHAPTER I.

REGULATIONS FOR THE CONTROL AND PROTECTION OF NATIVES IN THE PROCLAIMED AREA.

1. (1) Every native entering the proclaimed area for the purpose of seeking work shall report himself within twenty-four hours after his arrival to the registering officer.

(2) Every male native entering the proclaimed area from within the Union and every native entering the proclaimed area from beyond the Union, shall, when he has satisfied the registering officer as to his identity, and if accommodation is available for him, be provided by the registering officer with a document certifying that he has reported and that he has permission to remain in the proclaimed area for a specified period not exceeding six days for the purpose of seeking work. Such document shall be substantially in the form set out in Annexure " A " to these regulations.

(3) Every native who has been provided with a document under this section shall, if he has not found employment within the period during which he has permission to remain in the proclaimed area, report within twenty-four hours of the expiration of such permission to the registering officer; who may at his discretion renew the document for a period not exceeding six days, or may require such native to depart from the proclaimed area within a specified time and not to return thereto within a specified period.

(4) Every female native entering the proclaimed area for the purpose of seeking work who shall have failed to find employment within a period of six days after her arrival may be required by the registering officer to depart from the proclaimed area and not to return thereto within a specified period.

2. Subject to the exemptions extended by the proviso to sub-section (1) of section *twelve* of the Act—

(1) every native entering the proclaimed area for any purpose other than that of seeking work shall report himself within twenty-four hours after his arrival in the proclaimed area to the registering officer, and upon satisfying the registering officer as to his identity and the purpose of his entry and that there is accommodation available for him at the place at which he intends to reside, may be granted permission to remain in the proclaimed area for a period not exceeding one month;

(2) every male native entering the proclaimed area from within the Union and every native entering the proclaimed area from beyond the Union who is granted such permission shall be provided with a document certifying that he has so reported and that he has permission to remain in the proclaimed area for a specified period not exceeding one month. Such document shall be substantially in the form set out in Annexure " B " to these regulations;

(3) every native who has been granted permission under this section to remain in the proclaimed area shall within twenty-four hours of the expiration of such permission report to the registering officer, and may be granted permission to remain within the proclaimed area for a further period, or may be required to depart therefrom within a specified time;

(4) every male native from within the Union and every native from beyond the Union to whom an extension of the permission to remain within the proclaimed area has been granted shall have the document issued to him in the first instance endorsed by the registering officer in respect of the period for which permission has been extended.

3. Every native who has been provided with a document under sections 1 or 2 of these regulations shall produce the same on demand to any authorised officer.

4. No native who appears to the registering officer to be under the age of eighteen years and who does not adduce evidence to the contrary to the satisfaction of such officer shall be permitted to enter or reside in the proclaimed area unless accompanied by, coming to, or residing with a parent or guardian, provided that any such native not so accompanied may be permitted to enter or reside in the proclaimed area if coming to or engaged in employment approved by the registering officer and if the person introducing or employing him undertakes to return him to his home when so required by the registering officer and makes a deposit with such officer to cover the cost of such return when called upon by him so to do.

REGULASIES OPGESTEL KRAGTENS ARTIKEL *DRIE-EN-TWINTIG* (1) VAN WET No. 21 VAN 1923, VIR DIE GEPROKLAMEERDE GEBIED CAMBRIDGE, KAAPPROVINSIE.

HOOFSTUK I.

REGULASIES VIR DIE BEHEER EN BESKERMING VAN NATURELLE IN DIE GEPROKLAMEERDE GEBIED.

1. (1) Elke naturel wat die geproklameerde gebied binnekom met die doel om werk te soek, moet homself binne vier-en-twintig uur na sy aankoms by die registrasiebeampte aanmeld.

(2) Elke manlike naturel wat die geproklameerde gebied uit die Unie binnekom, en elke naturel wat die geproklameerde gebied van buite die Unie binnekom, moet, sodra hy die registrasiebeampte van sy identiteit oortuig het, en indien huisvesting vir hom beskikbaar is, deur die registrasiebeampte van 'n dokument voorsien word waarby gesertifiseer word dat hy hom aangemeld het en dat aan hom vergunning verleen is om binne die geproklameerde gebied te vertoef vir 'n bepaalde tydperk van hoogstens ses dae met die doel om werk te soek. Sodanige dokument moet in hoofsaak in die vorm wees soos uiteengesit in Aanhangsel „ A " van hierdie regulasies.

(3) Elke naturel wat voorsien is van 'n dokument ingevolge hierdie artikel moet hom, indien hy binne die tydperk waarvoor hy vergunning het om in die geproklameerde gebied te vertoef, geen werk vind nie, binne vier-en-twintig uur na die verstryking van die vergunning by die registrasiebeampte aanmeld wat dan na goedvinde sodanige dokument kan hernu vir 'n tydperk van hoogstens ses dae, of so 'n naturel kan versoek om binne 'n bepaalde tydperk uit die geproklameerde gebied te vertrek om nie weer binne 'n bepaalde tydperk daarheen terug te kom nie.

(4) Elke vroulike naturel wat die geproklameerde gebied binnekom met die doel om werk te soek en nie daarin slaag om binne 'n tydperk van ses dae na haar aankoms werk te vind nie, kan deur die registrasiebeampte versoek word om uit die geproklameerde gebied te vertrek en nie weer binne 'n bepaalde tydperk daarheen terug te kom nie.

2. Behoudens die vrystelling verleen ingevolge die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) van artikel *twaalf* van die Wet—

(1) moet elke naturel wat die geproklameerde gebied binnekom met enige ander doel as om werk te soek, hom binne vier-en-twintig uur na aankoms in die geproklameerde gebied by die registrasiebeampte aanmeld, en nadat hy die registrasiebeampte oortuig het van sy identiteit en die doel van sy binnekoms, en dat daar huisvesting vir hom beskikbaar is op die plek waar hy voornemens is om te vertoef, kan aan hom vergunning verleen word om binne die geproklameerde gebied te vertoef vir 'n tydperk van hoogstens een maand;

(2) moet aan elke manlike naturel wat die geproklameerde gebied uit die Unie binnekom, en elke naturel wat die geproklameerde gebied van buite die Unie binnekom, aan wie sodanige vergunning verleen word, 'n dokument verskaf word waarby gesertifiseer word dat hy hom aldus aangemeld het, en dat hy vergunning het om vir 'n bepaalde tydperk van hoogstens een maand binne die geproklameerde gebied te vertoef. Sodanige dokument moet in hoofsaak in die vorm wees soos uiteengesit in Aanhangsel „ B " van hierdie regulasies;

(3) moet elke naturel, aan wie vergunning kragtens hierdie artikel verleen is om binne die geproklameerde gebied te vertoef, binne vier-en-twintig uur na verstryking van sodanige vergunning hom by die registrasiebeampte aanmeld, en vergunning kan aan hom verleen word om vir 'n verdere tydperk binne die geproklameerde gebied te vertoef, of hy kan versoek word om binne 'n bepaalde tyd daaruit te vertrek;

(4) moet elke manlike naturel van binne die Unie en elke naturel van buite die Unie, aan wie 'n verlenging van die vergunning toegestaan is om binne die geproklameerde gebied te vertoef, die dokument wat aan hom in die eerste plek uitgereik is, deur die registrasiebeampte laat endosseer ten opsigte van die tydperk waarvoor sy vergunning verleng is.

3. Elke naturel wat voorsien is van 'n dokument ingevolge artikel 1 of artikel 2 van hierdie regulasies, moet dit op versoek aan enige gemagtigde beampte toon.

4. Geen naturel, wat vir die registrasiebeampte as onder die ouderdom van agtien jaar voorkom en geen bewys van die teendeel tot oortuiging van sodanige beampte aanvoer nie, word toegelaat om die geproklameerde gebied binne te kom of daarin te woon tensy hy vergesel is van, of kom na, of gaan woon by, 'n ouer of voog, met dien verstande dat 'n naturel wat nie aldus vergesel is nie, toegelaat kan word om die geproklameerde gebied binne te kom of daarin te woon indien hy na 'n diens kom of in 'n diens geneem is wat die registrasiebeampte goedkeur, en indien die persoon wat hom inbring of hom in diens neem, onderneem om hom na sy huis terug te stuur wanneer sulks deur die registrasiebeampte verlang word en 'n bedrag by sodanige amptenaar stort om die koste van sodanige terugsending te dek, as dit vereis word.

5. (1) Every person who at the date of the promulgation of these regulations has in his service in the proclaimed area any male native other than a native licensed as a togt or casual labourer under section 12 of these regulations or who thereafter takes such male native into his service in the proclaimed area or introduces any male native into the proclaimed area with the intention of employing him therein, shall within fourteen days of the date aforesaid and thereafter within twenty-four hours of taking such male native into his service or introducing any male native as aforesaid, take or send such native to the registering officer and shall furnish the registering officer with full and correct information necessary for the recording of a service contract.

(2) The registering officer, on being satisfied that the terms and conditions of employment are fully understood and accepted by the native and that the contract is a bona fide contract of service, shall then record and register free of charge a service contract substantially in the form prescribed in Annexure " C " to these regulations unless as a result of medical examination the registering officer is prohibited in terms of section 24 of these regulations from registering a service contract in respect of that native.

(3) The service contract shall be made out in triplicate. The registering officer shall hand or send the original service contract to the employer, the duplicate to the native and shall file the triplicate for purpose of record.

(4) The original service contract shall be retained by the employer during the continuance of the native's employment by him and shall be produced by him on demand to any authorised officer.

(5) The duplicate service contract shall be retained by the native during the continuance of his employment and shall be endorsed by the employer as current within seven days of the commencement of each calendar month during which his contract of service with the native is continued. Such service contract shall be produced by the native on demand to any authorised officer as evidence of the existence of the contract, provided that the registering officer may in respect of the contracts of service of native labourers as defined by the Native Labour Regulation Act, 1911, relieve natives in his discretion from the duty of producing duplicate service contracts. The duplicate service contract shall on the termination of the native's employment be handed by him to his employer who shall immediately endorse thereon in ink in the spaces set apart for that purpose the true date of discharge and his signature and return such service contract to the native.

(6) For a copy of a service contract which has been lost or destroyed there shall be payable a fee of one shilling.

(7) In the case of the death, desertion, or other cessation of the employment of the native, otherwise than by discharge on the termination of his contract of service, the employer shall within six days thereafter notify the registering officer of the date of such death, desertion or cessation of employment.

6. (1) There shall be payable by the employer in respect of every contract of service registered under the preceding section a fee of one shilling for every calendar month or portion thereof during the continuance of the employment of the native under such contract, provided that if the contract is entered into after the fifteenth day of any month there shall be payable for that month one-half of the said amount. The fee shall be paid on the registration of the contract and thereafter within seven days of the commencement of every calendar month.

(2) Payment of the monthly fee shall be acknowledged by the issue by the registering officer of a receipt substantially in the form set out in Annexure " D " to these regulations which shall be affixed by the employer to the original service contract of the native in respect of whose employment the fee is paid and cancelled by the endorsement across it of his usual signature, provided that when payments are made in bulk in respect of the contracts of not less than twenty natives in the service of any one employer, the registering officer may in his discretion dispense with the use of such receipts and provided further that payments representing monthly fees may be made in advance for a period not exceeding six months in respect of each native employed, and an employer so paying shall affix the receipts to the original service contract of the native in respect of whose employment the fee is paid and cancel it as hereinbefore provided. No receipt shall be transferable from one employer to another.

(3) For the purpose of securing the payment of fees in bulk as provided for in sub-section (2) of this section, the employer of the natives shall on or before the third day of each calendar month hand to the registering officer a sworn declaration setting forth the total number of natives employed by him on the last day of the preceding month.

7. No contract of service for any longer term than one year from the date fixed for the commencement of the service stipulated for by such contract other than a contract attested under the Native Labour Regulation Act, 1911, shall be registered under these regulations.

5. (1) Iedereen moet, wanneer hy ten tyde van die afkondiging van hierdie regulasies, in die geproklameerde gebied 'n manlike naturel, behalwe 'n naturel wat kragtens artikel 12 van hierdie regulasies as los of togt-arbeider gelisensieer is, in diens het, of daarna sodanige manlike naturel in diens neem in die geproklameerde gebied, of enige manlike naturel in die geproklameerde gebied inbring met die doel om sodanige naturel daar in diens te neem, binne veertien dae na genoemde datum en daarna binne vier-en-twintig uur na indiensneming by hom of invoering van enige manlike naturel, soos voornoemd, sodanige naturel na die registrasiebeampte neem of stuur en aan die registrasiebeampte die nodige, volledige en juiste inligting vir die aantekening van 'n dienskontrak verstrek.

(2) Die registrasiebeampte moet, nadat hy homself oortuig het dat die bepalings en voorwaardes van indiensneming ten volle deur die naturel begryp en aangeneem word, en dat die kontrak 'n bona fide dienskontrak is, 'n kontrak in hoofsaak in die vorm sees in Aanhangsel ,, C " van hierdie regulasies voorgeskryf, kosteloos aanteken en registreeer, tensy die registrasiebeampte ten gevolge van 'n mediese ondersoek, by artikel 24 van hierdie regulasies, belet word om 'n dienskontrak ten opsigte van daardie naturel te registreer.

(3) Die dienskontrak moet in triplo uitgeskryf word. Die registrasiebeampte moet die oorspronklike dienskontrak aan die werkgewer en die duplikaat aan die naturel oorhandig of stuur, en die triplikaat vir naslaandoeleindes bêre.

(4) Die oorspronklike dienskontrak moet in besit bly van die werkgewer gedurende die tyd wat die naturel by hom in diens is, en deur hom op versoek aan enige gemagtigde beampte vertoon word.

(5) Die duplikaat van die dienskontrak moet in besit bly van die naturel gedurende die tyd wat hy in diens is, en die werkgewer moet binne sewe dae van die begin van elke kalendermaand, waarin sy dienskontrak met die naturel nog van krag bly, 'n endossement daarop maak ten effekte dat dit geldig is. Sodanige dienskontrak moet deur die naturel as bewys van die bestaan van die kontrak, op versoek aan enige gemagtigde beampte vertoon word, met dien verstande dat die registrasiebeampte, ten opsigte van dienskontrakte van naturelle-arbeiders, soos deur die ,, Naturellearbeid Regelingswet ", 1911, omskryf, naturelle na goedvinde kan onthef van die verpligting om duplikaat-dienskontrakte te vertoon. Die duplikaat van die dienskontrak moet by verstryking van die dienstyd van die naturel deur hom aan sy werkgewer oorhandig word, wat onmiddellik die juiste datum van ontslag en sy handtekening in die ruimtes wat vir daardie doel bestem is, daarop in ink moet invul, en sodanige dienskontrak aan die naturel moet teruggee.

(6) Vir 'n afskrif van 'n dienskontrak wat verloor of vernietig is, moet 'n bedrag van een sjieling betaal word.

(7) In die geval van die dood, diensverlating of enige ander beëindiging van diens van die naturel, behalwe sy ontslag by verstryking van sy dienskontrak, moet die werkgewer binne ses dae daarna die registrasiebeampte verwittig van die datum van sodanige dood, diensverlating of beëindiging van diens.

6. (1) Die werkgewer moet ten opsigte van elke dienskontrak wat ooreenkomstig die voorafgaande artikel geregistreer is, 'n bedrag van een sjieling betaal vir elke kalendermaand, of gedeelte daarvan, gedurende die tyd wat die naturel onder sodanige kontrak in diens is, met dien verstande dat indien die kontrak na die vyftiende dag van enige maand aangegaan is, helfte van genoemde bedrag vir sodanige maand betaal moet word. Die bedrag is betaalbaar by registrasie van die kontrak en daarna binne sewe dae na die begin van elke kalendermaand.

(2) Die betaling van die maandelikse bedrag moet deur die registrasiebeampte erken word deur 'n kwitansie, in hoofsaak in die vorm soos in Aanhangsel ,, D " van hierdie regulasies uiteengesit, wat deur die werkgewer op die oorspronklike dienskontrak van die naturel ten opsigte van wie se diens die bedrag betaal is, geplak, en gekanselleer moet word deur sy naam op die gewone manier daaroor te teken, met dien verstande dat waar betaling ten opsigte van die dienskontrakte van minstens twintig naturelle wat in die diens van een enkele werkgewer is, in een bedrag geskied, die registrasiebeampte, na goedvinde kan afsien van die gebruik van sodanige kwitansies, en verder met dien verstande dat bedrae wat die maandelikse gelde verteenwoordig vir 'n tydperk van hoogstens ses maande ten opsigte van iedere naturel wat in diens is, vooruitbetaal kan word, en 'n werkgewer wat so betaal moet die kwitansies op die oorspronklike dienskontrak van die naturel ten opsigte van wie se diens die bedrag betaal is, plak, en dit kanselleer soos hiervoor bepaal. Geen kwitansie mag van een werkgewer aan 'n ander oorgedra word nie.

(3) Ten einde betaling van die gelde in een bedrag waarvoor voorsiening in subartikel (2) van hierdie artikel gemaak is, te verseker, moet die werkgewer van sulke naturelle voor of op die derde dag van elke kalendermaand aan die registrasiebeampte 'n beëdigde verklaring oorhandig waarin die totale getal naturelle wat op die laaste dag van die voorafgaande maand by hom in diens was, uiteengesit word.

7. Geen dienskontrak, behalwe 'n kontrak kragtens die ,, Naturellearbeid Regelingswet ", 1911, mag ingevolge hierdie regulasies vir 'n langer tydperk as een jaar, gereken vanaf die datum van die aanvang van diens, soos in die dienskontrak bepaal, geregistreer word nie.

8. Every service contract registered under these regulations shall be deemed a contract of service between the native and his employer, and any native whose service contract has been so registered shall be guilty of an offence if—

(*a*) during the subsistence of his contract of service, he absents himself from the service of his employer with intent to desert; or

(*b*) while under contract of service to one employer he enters the service of another employer; or

(*c*) he fails or refuses without lawful cause to commence the service at the stipulated time; or

(*d*) during the subsistence of his contract of service, he absents himself without leave or other lawful cause from his employer's premises or other place proper for the performance of his work; or

(*e*) during the subsistence of his contract, he unfits himself for the proper performance of his work by the use of any drug or intoxicant; or

(*f*) during the subsistence of his contract of service, he neglects to perform any work which it was his duty to have performed, or carelessly or improperly performs the same or refuses to obey any lawful command of his employer or of any person placed in authority over him; or by any wilful breach or neglect of duty does any act tending to the immediate loss, damage, or serious risk of any property placed by his employer in his charge, or uses any abusive, obscene, or insulting language at or to his employer or to any person placed in authority over him.

The presiding judicial officer may, if the employer so desires, make an order directing any native convicted under this section, after having saitsfied the sentence imposed upon him, to return to work and complete the term of his contract.

9. Every employer of a native whose contract of service has been registered under these regulations who withholds wages from such native without reasonable and probable cause for believing that the wages are not really due, or who makes any deduction from the wages of such native save as provided by any Act or regulation or by the order of a competent court, or who in order to punish such native accepts or obtains money or goods from him, shall be guilty of an offence, and the presiding judicial officer, in addition to any penalty he may impose, may give judgment for the amount of wages so wrongfully withheld or deducted and for the costs of the proceedings.

10. Whenever a native or an employer who is a party to any contract of service registered under these regulations shall have been convicted under one or other of the last two preceding sections or shall have been convicted of an offence against the person or property of the other party to the contract, the presiding judicial officer may cancel such contract, which shall thereafter cease to be binding on either party.

11. Notwithstanding anything contained in any law, when any native other than a native labourer as defined by the Native Labour Regulation Act, 1911, whose contract of service has been registered under these regulations shall, in consequence of any sickness or accident which shall not have been occasioned by his own fault, be rendered incapable of performing his employer's service, he shall be entitled to receive his full wages for the first month of his incapacity and half the amount of his wages during the second month of such incapacity. At the expiration of a period of two months of such incapacity the employer shall be entitled to regard the contract of service as rescinded.

Any expenditure on medical attendance or treatment in respect of any such native incurred by the employer shall, if approved by the registering officer, be regarded as set off against any wages payable to the native under this section.

12. (1) Every male native who follows the occupation of togt or casual labourer in the proclaimed area shall, within seven days of his commencing such occupation, apply to the registering officer for a licence therefor and the registering officer may furnish such native with a licence substantially in the form set out in Annexure " E " to these regulations.

(2) Every male native who in the proclaimed area follows any occupation or calling other than that referred to in the preceding sub-section, whereby he is not under a contract of service which is or requires to be registered under section 5 of these regulations, shall, within seven days of his commencing such occupation or calling, register himself with the registering officer, who may furnish such native with a document of registration substantially in the form set out in Annexure " F " to these regulations.

(3) Every male native referred to in sub-sections (1) and (2) of this regulation shall pay to the registering officer a fee of one shilling for every calendar month or portion thereof during which he follows his occupation or calling. The monthly fee shall be paid at the time of application by such native for a licence or on the registration of such native as hereinbefore provided, and thereafter on or before the first day of each calendar month. Payment of such fee shall be

8. Elke dienskontrak wat ingevolge hierdie regulasies geregistreer is, word beskou as 'n dienskontrak tussen die naturel en sy werkgewer, en enige naturel wie se dienskontrak aldus geregistreer is, is skuldig aan 'n misdryf indien hy—

(*a*) gedurende die bestaan van sy dienskontrak wegbly van die diens van sy werkgewer met die bedoeling om die diens te verlaat; of

(*b*) terwyl hy onder dienskontrak by een werkgewer staan, by 'n ander werkgewer in diens tree; of

(*c*) sonder wettige oorsaak in gebreke bly of weier om sy diens op die ooreengekome tyd te begin; of

(*d*) gedurende die bestaan van sy dienskontrak sonder verlof of ander wettige oorsaak wegbly van die perseel van sy werkgewer of enige ander plek waar sy werk uitgevoer moet word; of

(*e*) gedurende die bestaan van sy dienskontrak hom ongeskik maak vir die behoorlike uitvoering van sy werk deur die gebruik van enige verdowingsmiddel of bedwelmende drank; of

(*f*) gedurende die bestaan van sy dienskontrak versuim om enige werk te doen wat sy plig is om te verrig, of dit agtelosig of onbehoorlik verrig of weier om enige wettige bevel van sy werkgewer of van enige ander persoon wat oor hom gestel is, te gehoorsaam, of deur enige moedswillige oortreding of pligsversuim enige daad doen wat aanleiding kan gee tot die onmiddellike verlies van, skade aan of ernstige gevaar vir enige eiendom wat deur die werkgewer onder sy toesig gestel is, of enige lasterlike, onkiese of beledigende taal teenoor sy werkgewer of teenoor enige persoon wat oor hom gestel is, gebruik.

Die voorsittende regterlike beampte kan, indien dit deur die werkgewer verlang word, 'n bevel uitreik waarby 'n naturel wat kragtens hierdie artikel gevonnis is, gelas word om na sy diens terug te keer en die termyn van sy kontrak te voltooi nadat hy die vonnis wat oor hom gevel is, uitgedien het.

9. Elke werkgewer van 'n naturel, wie se dienskontrak ooreenkomstig hierdie regulasies geregistreer is, en wat die loon van so 'n naturel terughou sonder redelike en waarskynlike oorsaak om aan te neem dat die loon nie werklik verskuldig is nie, of wat enige bedrag van die loon van so 'n naturel aftrek, behalwe soos by enige wet of regulasie of bevel van 'n bevoegde hof bepaal, of wat geld of goedere van sodanige naturel ontvang of aanneem met die doel om hom te straf, is skuldig aan 'n misdryf en die voorsittende regterlike beampte kan, behalwe enige boete wat hy oplê, vonnis uitspreek vir die bedrag van die loon wat aldus wederregtelik teruggehou of afgetrek is en vir koste van die geding.

10. Indien 'n naturel of werkgewer, wat 'n party is tot 'n dienskontrak wat ingevolge hierdie regulasies geregistreer is, ingevolge die een of die ander van die twee onmiddellik voorafgaande artikels skuldig bevind is, of skuldig bevind is aan 'n vergryp teen die persoon of eiendom van die ander party tot die kontrak, kan die voorsittende regterlike beampte sodanige kontrak ontbind, wat daarna vir geen van die partye bindend is nie.

11. Nieteenstaande enigiets wat in enige wet vervat is, is enige naturel, behalwe 'n naturelle-arbeider soos in die „ Naturellearbeid Regelingswet ", 1911, omskryf, wie se dienskontrak ooreenkomstig hierdie regulasies geregistreer is, en wat as gevolg van enige siekte of ongeluk wat nie deur sy eie toedoen veroorsaak is nie, onbekwaam word om sy werkgewer se diens te verrig, geregtig tot ontvangs van sy volle loon vir die eerste maande van sy onbekwaamheid en die helfte van die bedrag van sy loon gedurende die tweede maand van sodanige onbekwaamheid. Na verloop van 'n tydperk van twee maande vanaf sodanige onbekwaamheid is die werkgewer geregtig om die dienskontrak as beëindig te beskou.

Enige uitgawe vir mediese besoek of behandeling wat die werkgewer in verband met so 'n naturel gemaak het, kan, indien goedgekeur deur die registrasiebeampte, afgetrek word van die loon wat ooreenkomstig hierdie artikel aan die naturel betaalbaar is.

12. (1) Elke manlike naturel wat in die geproklameerde gebied die beroep van los of togt-arbeider uitoefen moet, binne sewe dae van die tyd dat hy so 'n beroep begin het by die registrasiebeampte aansoek doen om 'n lisensie vir daardie doel en die registrasiebeampte kan aan sodanige naturel 'n lisensie, in hoofsaak in die vorm soos in Aanhangsel „ E " van hierdie regulasies uiteengesit, uitreik.

(2) Elke manlike naturel wat in die geproklameerde gebied 'n beroep of ambag behalwe dié waarna in die voorgaande subartikel verwys word, uitoefen waardeur hy nie onder 'n dienskontrak, wat ingevolge artikel 5 van hierdie regulasies geregistreer is of moet word, staan nie, moet hom binne sewe dae na hy so 'n beroep of ambag begin het, by die registrasiebeampte laat registreer; hierdie beampte kan dan aan sodanige naturel 'n dokument van registrasie, in hoofsaak in die vorm soos in Aanhangsel „ F " van hierdie regulasies uiteengesit, uitreik.

(3) Elke manlike naturel in subartikels (1) en (2) van hierdie artikel vermeld, moet 'n bedrag van een sjieling vir elke kalendermaand of gedeelte daarvan gedurende die tyd wat hy sy beroep of ambag uitoefen, aan die registrasiebeampte betaal. Sodanige maandelikse bedrag moet betaal word by aansoek om 'n lisensie deur sodanige naturel of by registrasie van sodanige naturel soos hiervoor bepaal, en daarna op of voor die eerste dag van elke kalendermaand.

acknowledged by the registering officer's affixing to such licence or document of registration a receipt substantially in the form set out in Annexure " D " to these regulations and by his cancelling such receipt by an impression of his date stamp.

(4) Every licence or document of registration issued under this regulation shall be consecutively numbered and the registering officer shall make out a duplicate thereof for the purpose of record.

(5) Every licence or document of registration issued under this regulation shall, unless the monthly fee shall have been paid as hereinbefore provided, expire on the last day of the calendar month for which the fee was last paid. Every licence or document of registration issued under this regulation shall be produced by the holder thereof on demand to any authorised officer.

(6) Every male native to whom the provisions of this regulation apply shall on the expiration of his licence or document of registration comply with the provisions of section 1 of these regulations.

13. Every male native who is working, whether for an employer or on his own behalf, within the proclaimed area, and does not fall within one or other of the exemptions set out in sub-section (2) of section *twelve* of the Act and section 17 of these regulations, shall comply with the provisions of section 5 or section 12 of these regulations.

14. Every native in the proclaimed area on being discharged from the service of his employer shall, within twenty-four hours, report to the registering officer, and shall thereupon become subject to the provisions of section 1 of these regulations.

15. Every native, who shall have been discharged from any gaol or convict prison within the proclaimed area, shall, if electing to remain within the proclaimed area, report himself within twenty-four hours to the registering officer.

16. In the proclaimed area any male native, on satisfying the registering officer that he is attending a school approved by the Magistrate or Native Commissioner and that accommodation is available for him, may be furnished with a document substantially in the form set out in Annexure " G " to these regulations which he shall produce on demand to any authorised officer. Such document shall be issued free of charge by the registering officer and shall be available for the period specified thereon.

17. The following natives shall be exempt from the provisions of Chapter I of these regulations:—

(*a*) Natives exempted under sub-section (2) of section *twelve* of the Act; provided that—

(i) chiefs and headmen recognised as such by the Government shall be approved for the purpose of exemption for a specified period on production to the registering officer of a letter of introduction from the Magistrate or Native Commissioner of the district in which such chiefs or headmen exercise their functions;

(ii) ministers of religion, teachers and interpreters shall be approved for the purpose of exemption for a period specified on production to the registering officer of satisfactory evidence that they hold the necessary qualifications and are persons of good character.

(*b*) Natives who are enrolled members of the South African Police or of the South African Permanent Force and prison warders while in the service of the Government, provided that a service contract has been completed in terms of section 5 of these regulations in respect of their employment and that they are in possession of and produce on demand to any authorised officer, evidence of their employment. No fees shall be payable in respect of such service contract.

(*c*) Natives residing on the premises of an employer beyond the limits of the proclaimed area who produce a permit or note from any such employer to the effect that they are sent within the proclaimed area upon the service of such employer. Such permit or note shall not be available for more than three days from the date of issue unless it has been produced to the registering officer and endorsed by him as available for a longer period.

(*d*) Natives to whom the registering officer, on being satisfied that there is accommodation available, issues a permit free of charge, authorising them to remain in the proclaimed area on account of old age, chronic disease, or other cause which prevents them from working. Such permit shall state the period during which a native is so permitted to remain in the proclaimed area.

